

Publication: Beeld(Uitgawe2) (Sport)
Publication Date: 06 Jul 2018
Page: 23

AVE: 5254.48
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

# Tuks-netbalspan soek studentekroon terug

Nóg 'n week, nóg 'n eindstryd vir 'n Gautengse netbalspan.

Ná die onlangse sukses van die Noord-Gautengse Jaguars in die nasionale Premierliga, speel hul studente-spanmaats vanmiddag in die eindstryd van die Ussa-toernooi. Tuks pak die Kovsies om 14:30 in Bloemfontein.

Die Pretoriase studente het hul vyf wedstryde gewen, asook gister hul halfeindstryd teen Noordwes-Universiteit. Die telling was 53-38.

Die Kovsies het hul halfeindstryd teen die Maties met 48-34 gewen.

Haar spelers het goed gespeel, maar nog nie perfekte spel opgedis nie, sê Jenny van Dyk, die Tuks-afrigter.

"Ons gaan vanaand (Donderdagaand) nog videowerk moet doen. Ons was teen Pukke in die eerste helfte nie mededingend genoeg nie. Ons sal moet kyk hoekom ons aanvanklik gesukkel het," sê Van Dyk.

Die Pukke was verlede jaar se kampioene.

Die Maties en Pukke pak mekaar om die derde plek. **– Annchen Nel**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.